Kerkjaar

"Die wêreld kan byna enigiets net so goed soos die kerk doen: skole en huise bou, die hongeriges voed, die siekes gesond maak. Daar is net een ding wat die wêreld nie kan doen nie: Hulle kan nie vir mense God se genade bied nie."
- Gordon MacDonald

Doelwit: Om die Verkenner 'n begrip te gee van die kerkjaar.

Weergawe: 2009

Datum: Januarie 2009

Begronding

Voortrekkerkode:

1: 'n Voortrekker glo in die drie-enige God en dien Hom.
2: 'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.
7: 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8: 'n Voortrekker neem leiding.

ABC: Die aanbieding van die kenteken skenk aandag aan die belangrikste aspek van die ABC, naamlik Christenskap. Deur die kennis wat die Verkenner in die spesialisasie gaan opdoen, sal hy beter toegerus wees om daagliks as konsekwente Christen te kan leef. Dit is ook so dat ons as "kerkmense" aan ander moet wys hoe 'n konsekwente Christen moet leef want of kerkmense in 'n land leef soos hulle behoort te leef – of dit nie doen nie – sal bepaaal of die res van die land se mense 'n morele lewe lei.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	1 Dag	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Die kerkjaar ken en die verskillende seisoene in die kerkjaar kan onderskei.

2. Begrip toon van Advent met betrekking tot:
   - 2.1 Die definisie van Advent.
   - 2.2 Wat word gevier in Advent.
   - 2.3 Wanneer word Advent gevier.
   - 2.4 Simbole, gebruike en rituele in Advent.
   - 2.5 Kleure in Advent en met Kersfees.

3. Begrip toon van Epifanie met betrekking tot:
   - 3.1 Die definisie van Epifanie.
   - 3.2 Simbole, gebruike en rituele in die tyd ná Epifanie.
   - 3.3 Kleure vir Epifanie en die tyd daarna.

4. Begrip toon van die Lydenstyd met betrekking tot:
   - 4.1 Die definisie van die Lydenstyd.
   - 4.2 Die oorsprong van Lydenstyd.
   - 4.3 Wanneer word Lydenstyd gevier.
   - 4.4 Simbole, gebruike en rituele in Lydenstyd.
   - 4.5 Kleure in Lydenstyd.

5. Begrip toon van Pase met betrekking tot:
   - 5.1 Die definisie van Pase.
   - 5.2 Wanneer word Paasfees gevier.
   - 5.3 Simbole, gebruike en rituele tydens Paastyd.
   - 5.4 Kleure in Paastyd.

6. Begrip toon van Pinkster met betrekking tot:
   - 6.1 Die definisie van Pinkster.
   - 6.2 Wat word gevier met Pinkster.
   - 6.3 Simbole, gebruike en rituele met Pinkster.
   - 6.4 Kleure in Pinkster.

7. Begrip toon van Koninkrykstyd met betrekking tot:
   - 7.1 Die definisie van Koninkrykstyd.
   - 7.2 Wanneer word Koninkrykstyd gevier.
   - 7.3 Wat word gevier met Koninkrykstyd.
   - 7.4 Simbole, gebruike en rituele met Koninkrykstyd.
   - 7.5 Kleure in Koninkrykstyd.

8. Die volgende aktiwiteite voltooi, inaggenome die kennis bo bemeester:
   - 8.1 ‘n Jeugdiens volledig beplan vir Advent.
   - 8.2 ‘n Kanselkleed ontwerp wat Lydenstyd versinnebeeld.
   - 8.3 ‘n Plakkaat maak wat ‘n Pinksterdiens adverteer.
   - 8.4 ‘n Psalm skryf oor die Paastyd.